# BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 27

Les 26 se tema was geestelike groei – deur te getuig. Ons het aangetoon dat ons kerklike aksies en programme meestal gerig is op lidmate se behoeftes. Met Jesus was dit anders toe Hy op aarde was. Hy het gemeng met sondaars en tollenaars asook stukkendes en gevallenes. Daarom kan ons die opmerking maak dat God inderdaad bekommerd is oor sondaars. En die kerk vandag? Ons werkswyse moet weer in lyn kom met hoe God oor sondaars voel. Begrotings, eie sake, selfhandhawing is die hoofsake op ons agenda. En dit terwyl ons in hoofsaak ingestel moet wees op getuienis na buite.
Natuurlik is dit nie vir almal ewe maklik om oor die Here te praat nie. Die meeste van ons voel onkundig en heeltemal onbevoeg wanneer dit kom by getuienis lewer. Daarom bly ons liewer stil. Waar moet ons begin? Ons moet besef hoe afhanklik ons van God is en in die tweede plek moet ons hartseer wees omdat ons sondig is en daar meer as vier biljoen mense op aarde is wat niks van Jesus se liefde af weet nie. Ware getuienis bestaan uit daadgetuienis [my lewe as voorbeeld] en woordgetuienis. Om te getuig beteken om te vertel wat jy beleef het. Daarmee saam moet elke gelowige nie net gewillig wees om te getuig nie. Ons moet ook bid en verlang en soek na geleenthede om met ander mense oor die Here Jesus te kan praat.
Wanneer begin 'n mens getuig? Dadelik wanneer jy die geloof ontvang. Dit is immers die Heilige Gees wat jou toerus en die krag daarvoor gee.

## GEESTELIKE GROEI – DEUR BEPROEWING OPPAD.

Die Bybel gebruik dikwels die beeld van 'n pad om gelowiges se lewensverloop mee te beskryf. Op hierdie roete is God ten nouste betrokke.

1. LEES Johannes 14:6.
   Waar begin 'n gelowige se lewenspad saam met God?

2. LEES Spreuke 12:28.
   Hoe leef 'n gelowige op sy lewenspad en waarheen lei die pad?

In die Ou Testament het die Gees van God slegs in “belangrike” persone soos profete en in sekere konings gewoon.

3. LEES Matteus 28:19-20 en Johannes 6:5-11.
   Waar werk die Heilige Gees nou volgens hierdie gedeeltes?

4. Wie pas ons op: engele of die Here?

Die Heilige Gees werk nie met 'n towerstaf om ons lewe onmiddellik in 'n stukkie paradys te verander nie. 'n Gelowige se pad saam met die Here is ook nie 'n gewaarborgde maklike pad hemel toe nie. Christene kry ook swaar. Maar in sulke tye is die Heilige Gees steeds aan die werk.

5. LEES Johannes 14:15-17 en 16:5-7 en 13.
   Hoe help die Heilige Gees ons volgens hierdie gedeeltes?

6. LEES Psalm 37:23-24.
   Los die Here ons alleen as ons in een of ander sonde struikel?

7. LEES Jakobus 1:2-3.
   Waarom is beproewing baie belangrik vir 'n gelowige?

8. LEES Romeine 5:1-5.
   Waarom verheug ons ons in swaarkry?

9. LEES Johannes 10:28-30.
   Wat moet ek bly glo as dit partykeer voel of die Here baie ver weg is?

B. ANTWOORDE.

1. By Jesus Christus as die weg en die waarheid en die lewe.
   As weg, is Hy ons geestelike pad na die Vader toe. As waarheid is Hy die enigste Een wat vasstaan as vervulling van al God se beloftes. En as lewe, lei Hy ons in by sy Goddelike lewe sodat ons gedurende die hede, en tot in ewigheid mag lewe [Uit Bybel en Praktyk p1620].
2. Gehoorsaam aan die Here. Dit is 'n pad na die lewe – dit is die volle lewe op aarde maar ook die ewige lewe.
3. Na sy hemelvaart, bied Jesus Christus 'n beter bedeling vir sy kerk. Nou het Hy sy Gees na ons gestuur om as permanente Hulp in en by elkeen van ons te bly. Hy is nou ons beskutting en dra ons deur voorspoed en deur teespoed.
4. Die Here.
5. Hy is die Voorspraak wat ons in die waarheid sal lei en sal vashou. Voorspraak beteken om by die Vader vir ons in te tree. Dit beteken in beginsel dat die Heilige Gees ons helper en ondersteuner is ook in tye van hartseer en beproewing. Dit alles neem Hy na die Vader.
6. Wanneer ons struikel los die Heilige Gees ons nie alleen nie. Hy kom timmer maar weer van voor af aan ons sodat ons maar weer kan opstaan.
7. Volgens Jakobus is beproewing baie belangrik vir 'n gelowige. Waarom? Jakobus, waarskynlik die broer van Jesus [Matt.13:55 en Mark.6:3] trek 'n lyn van beproewing tot by geestelike rypheid. So is beproewing nodig vir ons geestelike groei.
8. Jakobus het ons in vraag 7 geleer dat beproewing ons help om in die geloof te volhard. Paulus borduur hierdie waarheid nog verder uit. In Romeine 5:3-6 verduidelik hy dat volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop. So weet 'n Christen dat daar in God se swaarkry-skool wonderlike dinge met hom/haar gebeur. Die swaarkry maak sterk, dit leer 'n mens volhard, vasbyt. Dit volharding is 'n suiwering vir ons geloof. En wanneer ons geloof eg en suiwer is – dit wil sê onvoorwaardelik op God gerig is, dan begin die vlam van hoop weer helder brand.
9. Die waarheid dat niks en niemand my uit God se hand kan ruk nie. Waarom nie? Juis omdat die Heilige Gees voortdurend in Jesus Christus se Naam, by die Vader vir ons intree.

**********